

B U I T E N G E W O N E
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES - AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Vrydag, 20 Julie 1956. WINDHOEK Friday, 20th July, 1956. No. 2018.

I N H O U D

C O N T E N T S

	Bladsy		Page
GOEWERMENSKENNISGEWING—		GOVERNMENT NOTICE—	
No. 162. Ordonnansies 1956: Uitvaardiging van .	775	No. 162. Ordinances, 1956: Promulgation of . .	775

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 162.] [20 Julie 1956.

No. 162.] [20th July, 1956.

ORDONNANSIES, 1956: UITVAARDIGING VAN.

ORDINANCES, 1956: PROMULGATION OF.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Suidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *drie-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	Titel	Bladsy	No.	Title	Page
12.	Algemene Regswysigingsordonnansie 1956 .	776	12.	General Law Amendment Ordinance, 1956 .	776
13.	Wysigingsordonnansie op Landnedersetting 1956	779	13.	Land Settlement Amendment Ordinance, 1956	779
14.	Munisipale Wysigingsordonnansie 1956	780	14.	Municipal Ordinance Amendment Ordinance, 1956	780
15.	Wysigingsordonnansie op Robbevangs en Visserye 1956	780	15.	Sealing and Fisheries Amendment Ordinance, 1956	780
16.	Wysigingsordonnansie op die Landbank Proklamasie 1956	781	16.	Landbank Proclamation Amendment Ordinance, 1956	781
17.	Wysigingsordonnansie op die Kontrole oor die Uitvoer van Wilde Diere 1956	782	17.	Wild Animals Export Control Amendment Ordinance, 1956	782
18.	Wysigingsordonnansie op Seëlregte 1956	782	18.	Stamp Duties and Fees Amendment Ordinance, 1956	782
19.	Munisipale Verdere Wysigingsordonnansie 1956	783	19.	Municipal Ordinance Further Amendment Ordinance, 1956	783
20.	Wysigingsordonnansie op Wapens en Ammunisie 1956	784	20.	Arms and Ammunition Amendment Ordinance, 1956	784
21.	Ordonnansie op Na-doodse Ondersoek en Verwydering van Menseweefsels 1956	787	21.	Post Mortem Examination and Removal of Human Tissues Ordinance, 1956	787
22.	Wysigingsordonnansie op Wildbeskerming 1956	789	22.	Preservation of Game Amendment Ordinance, 1956	789
23.	Ordonnansie op die Beëindiging van Weidingsregte (Munisipaliteit Okahandja) 1956	790	23.	Termination of Grazing Rights (Okahandja Municipality) Ordinance, 1956	790
24.	Wysigingsordonnansie op Mate en Gewigte 1956	791	24.	Weights and Measures Amendment Ordinance, 1956	791
25.	Wysigingsordonnansie op Dranklisensies 1956	791	25.	Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1956	791
26.	Wysigingsordonnansie op Patente, Modelle, Handelsmerke en Outeursregte 1956	792	26.	Patents, Designs, Trade Marks and Copyright Proclamation Amendment Ordinance, 1956	792
27.	Wysigingsordonnansie op die „Rehoboth-Aangelegenheden Proklamasie” 1956	792	27.	Rehoboth Affairs Proclamation Amendment Ordinance, 1956	792

No. 12 van 1956.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935, die Proklamasie van 1934 betreffende Immoraliteit, die „Magistraatshowe Proklamasie 1935”, en die wet op die besit van gevaarlike wapens, die vervreemding of beswaring van eiendom met verbande, die prosedure by siviele sake en die besit en verkryging van gesteelde goedere en om die onwettige toeëining van die gebruik van ’n ander se goed tot misdryf te verklaar.

(Goedgekeur 6 Julie 1956.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Goewerneur-generaal, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die „Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925”, soos gewysig by artikel *sestien* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949, van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, VER-ORDEN:—

1. Die onderstaande artikel word hierby ingevoeg na artikel *ses-en-twintig bis* van die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935, soos ingevoeg by artikel *vier* van die Wysigingsordonnansie op Lisensies 1950:—

„26 *ter.* (1) Wanneer ook al die houër van ’n lisensie wat ingevolge hierdie Ordonnansie uitgereik is, skuldig bevind word weens die misdaad van diefstal of die ontvangs van gesteelde goedere wetende dat die goedere gesteel is, as so ’n misdaad gepleeg is ten opsigte van goedere wat behoort tot ’n klas goedere wat hy kragtens so ’n lisensie geregtig is om te verkoop, kan die hof wat hom aldus skuldig bevind het, ongeag of die genoemde misdaad gepleeg is voor of na die datum waarop die lisensie uitgereik is, sodanige lisensie opskort vir ’n tydperk wat die hof bepaal, of die lisensie intrek, en die aldus veroordeelde persoon onbevoeg verklaar om ’n lisensie van dieselfde aard oor ’n tydperk wat die hof bepaal, as, en in die plek van, die aldus ingetrekke lisensie te verkry.

(2) Wanneer ookal ’n lisensie ingevolge sub-artikel (1) opgeskort is, word die persoon aan wie so ’n lisensie uitgereik is, gedurende die tydperk van opskorting, en ten opsigte van die sake-onderneming waarop die opgeskorte lisensie betrekking het, geensins hoegenaamd as lisensiehouer beskou nie.

(3) Wanneer ookal ’n lisensie ingevolge sub-artikel (1) opgeskort is, of daar ’n lisensie ingetrek is en die persoon aan wie dit uitgereik was, onbevoeg verklaar is om so ’n lisensie te verkry, word geen lisensie van dieselfde aard as die opgeskorte of ingetrekke lisensie ten opsigte van die tydperk van sodanige opskorting of onbevoegdheid, in die plek van die aldus opgeskorte of ingetrekke lisensie aan die persoon aan wie sodanige lisensie uitgereik was, uitgereik nie, en as so ’n lisensie wel uitgereik word, is dit geheel en al nietig.”

2. Artikel *een* van die Proklamasie van 1934 betreffende Immoraliteit word hierby gewysig deur die skraping van die woorde „onder omstandighede wat nie op verkragting, ’n poging om te verkrag, aanranding van die eerbaarheid of ’n oortreding van artikels *een* of *twee* van „De Meisjes en Geestelik Gekrenkte Vrouwen Bescherms Proklamatie, 1921” (Proklamasie 28 van 1921) neerkom nie.”

No. 12 of 1956.]

ORDINANCE

To amend the Licensing Consolidation Ordinance, 1935, the Immorality Proclamation, 1934, the Magistrate's Courts Proclamation, 1935, and the law relating to the possession of dangerous weapons, to the alienation or mortgage of property, to procedure in civil cases, and to the possession and acquisition of stolen property and to declare the unlawful appropriation of the use of another's property an offence.

(Assented to 6th July, 1956.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925, as amended by section *sixteen* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, of the Parliament of the Union of South Africa as follows:—

1. The following section is hereby inserted after section *twenty-six bis* of the Licences Consolidation Ordinance, 1935, as inserted by section *four* of the Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1950:—

“26 *ter.* (1) Whenever any person who is the holder of any licence issued under this Ordinance is convicted of the offence of theft or of receiving stolen property knowing it to have been stolen, committed in respect of goods belonging to any class of goods which he is entitled to sell under any such licence, the court so convicting him may, whether the said offence was committed before or after the date on which such licence was issued, suspend such licence for such period as it may determine or cancel such licence and declare the person so convicted disqualified for such period as the court may determine from obtaining any licence of the same description as and in the place of the licence so cancelled.

(2) Whenever in terms of sub-section (1) a licence has been suspended, the person to whom such licence was issued shall for all purposes be deemed not to be the holder of a licence, during the period of suspension, in respect of the business to which the suspended licence relates.

(3) Whenever in terms of sub-section (1) a licence has been suspended, or a licence has been cancelled and the person to whom it was issued declared to be disqualified from obtaining such a licence, no licence of the same description as the licence so suspended or cancelled shall, in respect of the period of such suspension or disqualification, be issued in the place of the licence so suspended or cancelled to the person to whom such licence was issued, and if such a licence is issued it shall be null and void.”

2. Section *one* of the Immorality Proclamation, 1934, is hereby amended by the deletion of the words “in circumstances which do not amount to rape, an attempt to commit rape, indecent assault, or a contravention of sections *one* or *two* of the Girls and Mentally Defective Woman's Protection Proclamation, 1921 (Proclamation 28 of 1921)”.

Repealed by Act 10/1955

3. Artikel *negentig* van die „Magistraatshowe Proklamasie 1935” word hierby gewysig deur die invoeging in sub-artikel (2) van die woorde „en moet in daardie geval ook sy bevinding ten opsigte van enige ander beskuldigde wat skuldig bevind is nadat hy gesamentlik met die eersgenoemde beskuldigde verhoor is, ter syde stel”, na die woorde „ter syde stel”.

4. (1) Iemand wat in besit is van 'n gevaarlike wapen soos hieronder bepaal word, is daardeur skuldig aan 'n oortreding, tensy hy bewys dat hy so 'n wapen redelikerwys nodig het en dit wel met 'n regmatige doel.

(2) Iemand wat 'n gevaarlike wapen vervaardig, verkoop of verskaf, is skuldig aan 'n oortreding, tensy hy bewys dat hy dit met 'n regmatige doel vervaardig het, of dat hy grondige rede gehad het om te meen dat die persoon aan wie hy die wapen verkoop of verskaf het, dit redelikerwys nodig gehad het en dit wel met 'n regmatige doel.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken en omvat die uitdrukking „gevaarlike wapen” die onderstaande—

- (a) stele met draad, kettings of ander swaar materiaal daaraan geheg;
- (b) metaalstawe of drade met 'n deursnee van meer as 'n kwart duim en 'n lengte van meer as ses duim;
- (c) dolke;
- (d) strydbyle;
- (e) messe—
 - (i) sakmesse waarvan die lemme vasgeknip kan word as hulle ooggemaak word;
 - (ii) messe, insluitende sakmesse, met 'n lem van meer as drie en 'n half duim lank (in hierdie verband beteken „lem” daardie deel van 'n mes wat nie die hef of handvat uitmaak nie);
- (f) spiese, asgaai en verswaarde of skerppuntige stokke, of stokke met 'n deursnee van meer as een duim;
- (g) boks-ysters;
- (h) sandsakke;
- (i) boorysters, koevoete of hamers wat swaarder as drie pond weeg;
- (j) byle of pikke;
- (k) polisiestokke van soliede gomlastick;
- (l) voorwerpe wat traanverwekkende, verstikkende, verblindende, onbekwaammakende of ander skadelike stowwe kan afgee en patrone daarvoor;
- (m) enige voorwerp wat so baie na 'n pistool of ander vuurwapen lyk dat dit bereken is om die indruk te skep dat dit 'n egte vuurwapen is, en wat in staat is om deur die afvuur van 'n patroon (gelaai of ongelaai) 'n harde knal te veroorsaak, bereken om die indruk te skep dat 'n egte vuurwapen afgevuur is, en patrone daarvoor;
- (n) enige ander voorwerp wat die Administrateur by kennisgewing in die Offisiële Koerant vir die doeleindes van hierdie artikel tot 'n gevaarlike wapen verklaar.

(4) Geen bepaling in hierdie artikel verbied enigeen om 'n gevaarlike wapen soos in hierdie artikel bepaal bloot as trofee, rariteit of versiersel te besit of verkry nie, as die Adjunktkommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie van die Gebied hom skriftelik daartoe gemagtig het.

(5) Iemand wat ingevolge hierdie artikel aan 'n oortreding skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd pond, of, by wanbetaling, met gevangenis vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenis.

5. (1) Wanneer ookal 'n ongeboore persoon ingevolge 'n testament of ander dokument geregtig sal wees om 'n belang in onroerende eiendom wat onderworpe is aan 'n beperking wat deur daardie testament of ander dokument opgelê is, kan die Hoë Hof van Suidwes-Afrika ten behoeve van so 'n ongeboore persoon (hetsy reeds verwek al dan nie) toestemming verleen tot die vervreemding of beswaring met 'n verband, van sodanige eiendom asof die bedoelde ongeboore persoon 'n minderjarige *in esse* is.

3. Section *ninety* of the Magistrate's Courts Proclamation, 1935, is hereby amended by the insertion in sub-section (2) after the words “his findings” of the words “and shall in such event also set aside his finding in respect of any other accused person who has been convicted after being tried jointly with such first mentioned accused person”.

4. (1) Any person who is in possession of a dangerous weapon as hereinafter defined, shall thereby be guilty of an offence unless he proves that such weapon is reasonably needed by him for a lawful purpose.

(2) Any person who manufactures, sells, or supplies any dangerous weapon shall be guilty of an offence unless he proves that he manufactured it for a lawful purpose or that he had good grounds for believing that the person purchasing such weapon or supplied with it reasonably needed it for a lawful purpose.

(3) For the purposes of this section the expression “dangerous weapon” means and includes the following—

- (a) handles with wire, chains or other heavy substances attached;
- (b) metal rods or wire exceeding a quarter inch in diameter and six inches in length;
- (c) daggers;
- (d) battle-axes;
- (e) knives—
 - (i) pocket knives, the blades of which can be fixed when opened;
 - (ii) knives, including pocket knives, any blade of which exceeds three and a half inches in length; (blade in this context means that part of a knife which does not constitute the shaft or handle);
- (f) spears, assegais and loaded or spiked sticks or any stick exceeding one inch in diameter;
- (g) knuckledusters;
- (h) sandbags;
- (i) jumpers, crowbars or hammers exceeding three pounds in weight;
- (j) axes or pickaxes;
- (k) solid rubber batons;
- (l) articles capable of releasing lachrymatory, asphyxiating, blinding, incapacitating or other harmful substances and also cartridges therefor;
- (m) any article which so closely resembles a pistol or other firearm as to be calculated to give the impression that it is a genuine firearm and which is capable, by the discharge of a cartridge (loaded or unloaded) of causing a loud report, calculated to give the impression that a genuine firearm had been discharged, and also cartridges therefor;
- (n) any other article declared by the Administrator by notice in the *Official Gazette* to be a dangerous weapon for the purposes of this section.

(4) Nothing in this section contained shall prohibit the possession or acquisition of a dangerous weapon as in this section defined by any person solely as a trophy, curiosity or ornament if he is authorised thereto in writing by the Deputy Commissioner of the South African Police of the Territory.

(5) Any person found guilty of an offence in terms of this section shall be liable to a fine not exceeding one hundred pounds or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment.

5. (1) Whenever under a will or other instrument any unborn person will be entitled to any interest in immovable property which is subject to any restriction imposed by such will or other instrument, the High Court of South West Africa may grant its consent on behalf of any such unborn person (whether already conceived or not) to the alienation or mortgage of such property as if such unborn person were a minor *in esse*.

(2) 'n Geding wat in verband staan met die verlening van sodanige toestemming word as 'n „civiele zaak” beskou binne die bedoeling van paragraaf (c) van artikel drie van die „Afdeling van Appèl Verdere Jurisdiktie Wet, 1911” (Wet 1 van 1911) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika.

6. Iemand wat in besit gevind word van enige goedere buiten „vee” of „produkte” soos omskryf by artikel een van die „Vediefstal Wet Wysigingsordonnansie 1935” (Ordonnansie 11 van 1935), ten opsigte waarvan daar redelike verdenking bestaan dat dit gesteelde goedere is, en wat nie in staat is om voldoende rekenskap van sodanige besit te gee nie, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat by 'n veroordeling weens diefstal opgelê kan word.

7. (1) Iemand wat op enige wyse, behalwe by 'n openbare verkoping, enige gesteelde goedere buiten „vee” of „produkte” soos omskryf by artikel een van die „Vediefstal Wet Wysigingsordonnansie 1935” (Ordonnansie 11 van 1935), van iemand anders verkry of in sy besit ontvang sonder dat hy redelike gronde (waarvan die bewyslas op sodanige eersgenoemde persoon val) het om ten tyde van sodanige verkryging of ontvangs aan te neem dat die goedere die eiendom is van die persoon van wie hy dit ontvang of dat daardie persoon deur die eienaar van die goedere behoorlik gemagtig is om daarvoor te beskik of om dit van die hand te sit, is skuldig aan 'n oortreding en is, by skuldigbevinding, strafbaar met die strawwe wat opgelê kan word by 'n veroordeling weens die ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is.

(2) By die toepassing van sub-artikel (1) beteken „openbare verkoping” 'n verkoping wat gesluit is—

- (a) by 'n openbare mark; of
- (b) deur 'n winkelier gedurende die ure wanneer sy winkel ingevolge enige wetsbepaling kan oopbly vir die verrigting van sake; of
- (c) deur 'n behoorlike gelisensiëerde afslaer by 'n openbare veiling; of
- (d) uit hoofde van 'n bevel uitgereik deur 'n bevoegde hof.

8. (1) Iemand wat goed sonder 'n *bona fide* aanspraak op 'n reg daartoe en sonder die toestemming van die eienaar daarvan of van die persoon wat die beheer daarvoor het, uit die beheer van die eienaar of bedoelde persoon verwyder met die doel om dit sonder die toestemming van die eienaar of 'n ander persoon wat bevoeg is om sodanige toestemming te verleen, vir sy eie doel te gebruik, hetsy hy deurgaans die bedoeling het om die goed aan die eienaar of die persoon uit wie se beheer hy dit verwyder, terug te besorg, al dan nie, is, tensy dit bewys word dat so iemand ten tyde van die verwydering redelike gronde gehad het om aan te neem dat die eienaar of sodanige ander persoon, indien hy daarvan geweet het, tot sodanige gebruik sou toegestem het, aan 'n misdryf skuldig, en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat regtens vir diefstal opgelê kan word.

(2) Iemand wat weens diefstal aangekla word, kan aan 'n oortreding van sub-artikel (1) skuldig bevind word, indien die feite dit bewys.

9. Hierdie Ordonnansie heet die Algemene Regswysigingsordonnansie 1956.

(2) Proceedings in connection with the granting of such consent shall be deemed to be civil proceedings within the meaning of paragraph (c) of section three of the Appellate Division Further Jurisdiction Act, 1911 (Act 1 of 1911), of the Parliament of the Union of South Africa.

6. Any person who is found in possession of any goods, other than stock or produce as defined in section one of the Stock Theft Law Amendment Ordinance, 1935 (Ordinance 11 of 1935), in regard to which there is reasonable suspicion that they have been stolen and is unable to give a satisfactory account of such possession, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties which may be imposed on a conviction of theft.

7. (1) Any person who in any manner, otherwise than at a public sale, acquires or receives into his possession from any other person stolen goods, other than stock or produce as defined in section one of the Stock Theft Law Amendment Ordinance, 1935 (Ordinance 11 of 1935), without having reasonable cause, proof of which shall be on such firstmentioned person, for believing at the time of such acquisition or receipt that such goods are the property of the person from whom he receives them or that such person has been duly authorized by the owner thereof to deal with or to dispose of them, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties which may be imposed on a conviction of receiving stolen property knowing it to have been stolen.

(2) For the purposes of sub-section (1) “public sale” means a sale effected—

- (a) at any public market; or
- (b) by any shopkeeper during the hours when his shop may in terms of any law remain open for the transaction of business; or
- (c) by a duly licensed auctioneer at a public auction; or
- (d) in pursuance of an order of a competent court.

8. (1) Any person who, without a *bona fide* claim of right and without the consent of the owner or the person having the control thereof, removes any property from the control of the owner of such person with intent to use it for his own purposes without the consent of the owner or any other person competent to give such consent, whether or not he intends throughout to return the property to the owner or person from whose control he removes it, shall, unless it is proved that such person, at the time of the removal, had reasonable grounds for believing that the owner or such other person would have consented to such use if he had known about it, be guilty of an offence and on conviction liable to the penalties which may lawfully be imposed for theft.

(2) Any person charged with theft may be found guilty of a contravention of sub-section (1) if such be the facts proved.

9. This Ordinance shall be called the General Law Amendment Ordinance, 1956.

No. 26 van 1956.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Wet op die registrasie van Handelsmerke.

(Goedgekeur 6 Julie 1956.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN.

1. Sub-artikel (1) van artikel *tien* van die „Proklamasie op Patente, Modellen, Handelsmerke en Auteursregte 1923” (Proklamasie 17 van 1923) word hierby gewysig deur die invoeging van die onderstaande voorbehoudsbepaling na die woord „handelsmerk” waar die woord ten tweede male verskyn:—

„Met dien verstande dat niemand aansoek mag doen nie om die registrasie van ’n handelsmerk wat iemand anders gebruik tensy so iemand anders se skriftelike toestemming tot die registrasie vooraf verkry is. Sodanige toestemming moet saam met die aansoek om die registrasie van die handelsmerk ingedien word.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Patente, Modelle, Handelsmerke en Outeursregte 1956.

No. 27 van 1956.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die „Rehoboth-Aangelegenheden Proklamasie 1924”.

(Goedgekeur 6 Julie 1956.)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *ses* van die „Rehoboth-Aangelegenheden Proklamasie 1924” (Proklamasie 31 van 1924) word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„6. Die Rehoboth-gemeente moet uit sy gemeentekomste bedrae wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal, bydra tot die ekstra koste waarmee die Administrasie van Suidwes-Afrika belas is in verband met die administrasie van die *Gebiet* ten gevolge van die oordrag aan die Magistraat van die magte, bevoegdhede en pligte van die Kaptein, die Raad van die Kaptein en die Volksraad van die Rehoboth-gemeente.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die „Rehoboth-Aangelegenheden Proklamasie” 1956.

No. 26 of 1956.]

ORDINANCE

To amend the law relating to the registration of Trade Marks.

(Assented to 6th July, 1956.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa.

1. Sub-section (1) of section *ten* of the “Patents, Designs, Trade Marks and Copyright Proclamation, 1923” (No. 17 of 1923), is hereby amended by the insertion of the following proviso after the words “trade mark”, where they appear for the second time:—

“Provided that no person shall apply for the registration of a trade mark which is used by any other person unless the written consent of such other person to such registration has first been obtained. Such consent shall be lodged with the application for registration of the trade mark.”

2. This Ordinance shall be called the Patents, Designs, Trade Marks and Copyright Proclamation Amendment Ordinance, 1956.

No. 27 of 1956.]

ORDINANCE

To amend the Rehoboth Affairs Proclamation, 1924.

(Assented to 6th July, 1956.)
(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The following section is hereby substituted for Section *six* of the Rehoboth Affairs Proclamation 1924 (No. 31 of 1924):—

“6. The Rehoboth Community shall out of its communal revenues, contribute such amounts as the Administrator may from time to time determine, towards the additional cost imposed upon the Administration of South West Africa incidental to the administration of the *Gebiet* in consequence of the transfer to the Magistrate of the powers, functions and duties of the Kapitein, Council of the Kapitein and Volksraad of the Rehoboth Community.”

2. This Ordinance shall be called the Rehoboth Affairs Proclamation Amendment Ordinance, 1956.